

Dink reg, anders is jy weg

Jy hoef regtig nie Einstein se brein te hê om te weet hierdie jaar is uitdagend nie. Om steeds koersvas te volhard hier in Septembermaand, benodig jy minstens die volgende kennis en insig:

- Jy benodig goeie kennis van sosiale media. Wees op hoogte van die spelreëls en waardes, wat hier geld. Onthou, sosiale media floreer op selfgesentreerdheid en eensydighede. Prestasies, sukses en skoonheid kry altyd hier die meeste applous. Eensydige waarhede wemel hier oor enigiets vanaf politiek tot geloof. Moenie plasings op sosiale media blindelings glo of deel nie. Leer om te onderskei, wat halfpad waar is en wat heeltemal waar is. Volg betroubare webblaaie en individue, wat jou in jou geloof opbou. Voer slegs opbouwende gesprekke hier. Vermoed internetboelies. Beperk jou daaglikse tyd en dié van jou huismense op sosiale media.
- Jy benodig goeie insig in die Bybel. Bybelkennis onder gelowiges is tans laer as ooit. Wees asseblief die uitsondering op hierdie goor reël. Moenie jou geloof slegs bou op 'n paar gunsteling teksverse, of op die Bybelkennis, wat jy opdoen in een of twee preke per maand nie. Omring jou met goeie studiemateriaal oor die Bybel. Maak seker dat dit die regte impak op jou gedagtes, jou hart, en jou daaglikse lewe het.
- Jy benodig goeie insig in wie jyself voor die Here is. Vind altyd jou identiteit in Hom. Doen dit veral nou dat dinge so onseker en deurmekaar is. Meer as ooit bepaal mense se agtergeblewenheid, bevoorregtheid, beroep, openbare profiel, omstandighede en wat nog alles hulle identiteit. Jyself gaan ook al hoe meer gekonfronteer word met wie en wat jy is. Moenie dat ander mense se opinies hieroor onder jou eie vel kom vassit nie. Laat die Here self vir jou sê wie jy is. Vind jou vreugde in Christus.

Vind jou vryheid en die doel van jou lewe opnuut in die Here. Hoor weer: Vind jou identiteit en lewensdoel in die Here!

deur **Stephan Joubert**

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Oom Cedric Wiegand
Maria Steyn
Ria Putter
Oom Sampie Swart
Tannie Martie de Beer
Jaco Steenkamp
Monty Pienaar
Tannie Marinda Jordaan
Heleen Lamont
Piet Venter
Louis Strauss
Annika Killian
Sumari Pretorius
Leonie Kruger
James Vermaak
Heinrich Kotzé
Albert Glockzin
Rudi Kruger
Jillian Jansen
Willie Britz
Theuns Pelser
Jan-Harm Pretorius

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



VEILIG IN GOD SE HANDE

Nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want, Here, U alleen laat my veilig woon.
(Psalm 4:9)

God is nie net goed wanneer dit goed gaan nie.
God is altyd goed.

ALTYD!!

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Gedagte vir die week

Is jy gereed?



1 Petrus 3:13-22